# RESENSIES

B J van der Walt

## KULTUUR, LEWENSVISIE EN ONTWIKKELING.

Potchefstroom: IRS, PU vir CHO. 1999. 300 pp.

Die outeur pak 'n baie dringende en moeilike tema met akademiese deeglikheid aan. Een van die mees basiese uitgangspunte ten opsigte van kultuur en ontwikkeling, naamlik dat ontwikkeling aan ekonomiese, materiële en tegnologiese vooruitgang gemeet kan word, word in die boek bevraagteken. Só 'n vertrekpunt hou nie rekening met die bepalende rol wat kultuur in ontwikkeling speel nie. Dit word eweneens as dwaling uitgewys dat kulturele ontwikkeling eensydig met die oordrag van een kultuur op die ander (verabsolutering van die Westerse kultuur) of die oorwinning van een kultuur oor 'n ander (oorheersing van die Afrika-kultuur) in verband gebring word. Die doel van die boek is dan juis om die "gode" van die onderontwikkelde Afrika en die oorontwikkelde Weste te ontmasker. Vanuit 'n eie definisie van ontwikkeling (p 46) word die uitgangspunte van die skrywer begrond. Die doel van die boek is om te probeer aandui waar ontwikkeling verkeerd loop (p 43).

Die boek, wat 'n sterk akademiese karakter dra en in vakkundige kringe allerweë verwelkom sal word, word gebruikersvriendelik gemaak deurdat die skrywer belangrike punte en konklusies uit lig. Soms word egter te veel punte uitgelig sodat die kerngedagtes en die skrywer se eie standpunt nie altyd duidelik genoeg uitstaan nie. Dit hinder ook dat stellings en uitgangspunte hier en daar nie genoegsaam verduidelik word nie. Die kapitalistiese stelsel word as vervangbaar beskou, "'n historiese verskynsel wat net 'n bepaalde tyd sal duur" (p 88). Maar wat is die ekonomiese alternatiewe? Net so word ontwikkeling in die definisie as die ontsluiting van moontlikhede binne die eie kultuur beskryf. Maar later word die Afrika-kultuur geweeg en in die lig van die Skrif te lig bevind (pp 89-108). Hoe kan daar dan van ontwikkeling binne 'n Afrikakultuur (per definisie) sprake wees?

In die algemeen is die publikasie goed versorg. Ongelukkig word dit hier en daar deur skryffoutjies bederf ('n komma op die verkeerde plek, p 65; 'n oorbodige "in" binne die vierde paragraaf op p 62, ens.). Die werk kos R50-00 en word heelhartig vir vakkundiges aanbeveel. Dit kan direk bestel word van Die Instituut vir Reformatoriese Studies, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520.

Prof Johan Janse van Rensburg (Departement Praktiese Teologie, UOVS).

Yusufu Turaki

# CHRISTIANITY AND AFRICAN GODS: A METHOD IN THEOLOGY.

Potchefstroom: IRS, PU vir CHO. 1999. 348 pp. R60-00.

Turaki stel 'n volledige oorsig oor die besinning oor die gode van Afrika daar. Die sentrale lyn wat in sy gedagtegang deurloop is om werklik 'n houvas te kry op 'n teologiese metode waarvolgens die godsdiens van Afrika vanuit 'n deeglike en begronde teologie beoordeel kan word en waaruit ook 'n deeglik teologie vir Afrika daargestel kan word. Hy gee 'n oorsig oor die Afrika-tradisionele godsdienste en die benadering tot die godsdienste in die verlede. Die belangrike teologiese sake wat in Afrika aandag moet geniet, word ook bespreek, byvoorbeeld voorouerverering en poligamie. Die relevansie van die Christelike boodskap in Afrika geniet ook aandag.

In verdere hoofstukke brei hy volledig uit oor die tradisionele religieuse sisteme, die geloof in gode, geeste en godhede en ook die geloof in mistieke en onsienlike magte. Dit loop uit op die behandeling van die betekenis van die lewe as sodanig in die Afrika-tradisie en die Bybelse tradisie. 'n Analise van die Afrika religieuse oortuiging en praktyk word gemaak. Hy sluit af met sy eie interpretasie van die Afrika-godsdienste en ook met sy eie metode van ondersoek binne 'n Bybelse raamwerk.

Hierdie werk getuig van goeie navorsing en is van 'n hoë en deeglike standaard. Dit is werklik te verwelkom dat daar nou reeds 'n groeiende stroom van werke uit Afrika na vore kom waarin die eie Afrika-interpretasie van die teologie nie agterweë bly nie. Turaki is in hierdie opsig teoloog in eie reg. Hy ken die Afrika-omstandighede en Afrika- religieusiteit. Hy beoordeel die verskillende aspekte baie deeglik en gee die implikasies van die godsdiens in Afrika deur.

Die werk het besondere meriete daarin dat dit 'n bydrae lewer op 'n terrein waar daar tans geweldig baie verwarring heers. Die debat in Missionalia oor die Afrika-godsdienste is kenmerkend van die huidige onsekerheid oor die rol en betekenis van die Afrika-godsdienste.

Teologiese dosente en studente behoort met groot vrug die werk te gebruik. Lidmate van verskeie kerke kan egter ook met goeie gevolg die boek gebruik om 'n duidelike en konfessionele standpunt uit Afrika te lees oor die godsdienste van Afrika.

Kritiek is beperk tot die vraag of die Afrikanisering van die teologie werklik kan plaasvind en of Turaki nie ook erken dat daar tog 'n totale om-

wenteling in die denke van die Afrikamens nodig is om die wesentlike van die Christelike boodskap te begryp nie. Is die antwoorde aan die einde werklik Afrika se eie antwoord of is dit 'n interpretasie van Afrika vanuit die Westersgeoriënteerde teologie? Hierdie debat sal nog steeds voortduur. Hierdie werk is egter 'n uiters belangrike en gesaghebbende bydrae in dié verband en verdien 'n wye leeskring. Die werk kos R60-00 en dit kan direk bestel word van Die Instituut vir Reformatoriese Studies, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520.

Prof Pieter Verster (Departement Sendingwetenskap, UOVS).

Jospeh T Lienhard

## ST JOSEPH IN EARLY CHRISTIANITY

Philadelphia: Saint Joseph's University Press, 1999, 60 pp.

In die eerste millennium is gegewens oor Josef, die man van Maria, baie skaars. In sy werk, *St Joseph in Early Christianity*, bied Lienhard belangrike inligting wat die Nuwe-Testamentiese Apokriewe in die tweede eeu, en die kerkvaders tot aan die einde van die Romeinse Ryk (c 600) oor hom verstrek.

Onder die Nuwe-Testamentiese apokriewe is die *Protoevangelium van Jakobus* verteenwoordigend van die geskrifte wat informasie oor Josef bevat. Hy word voorgestel as baie oud en 'n wewenaar met kinders. Hy is Maria se deur God gekose metgesel en nie werklik haar man wat in 'n gewone huweliksverhouding met haar staan nie. Daarby word hy geteken as onbeholpe en die foute wat hy in sy werkswinkel maak, moet gewoonlik deur Jesus reggestel word. Hoewel hierdie voorstellings klaarblyklik bedoel was om die leer in verband met Maria se maagdelikheid te verdedig, wys Lienhard daarop dat hulle meer probleme skep as oplos.

Die inligting wat die kerkvaders oor Josef gee, word deur Lienhard onder vyf vrae opgsom:

- Hoe moet die dubbele geslagsregister van Josef verklaar word? Was hy die seun van Jakob (Mat 1:16) of van Eli (Luk 3:23)?
- Hoe moet die verwysings in die Evangelies na die broers en susters van Jesus verstaan word? En, in die lig hiervan: was Josef 'n wewenaar of maagdelik (met ander woorde was die broers en susters dalk neefs en niggies, of ander verwante?)
- Het Josef 'n werklike huwelik met Maria aangegaan?